DIE SKAKEL
MAANDBLAD VAN DIE NED. GEREF. GEMEENTE QUEENSWOOD
JAARGANG 49 NOMMER 3 OKTOBER 2025
NGKQ
Nederduitse Gereformeerde Kerk Queenswood Pta

# WELKOM AAN HARMONIEHOF!

Harmoniehof intrekkers het hulle intrek geneem in ons gemeentegrense einde Augustus. Hiermee sommer bietjie agtergrond.
Baie van ons is bekend met die Harmonie-gemeente in Sunnyside wat vir jare ŉ studentegemeente en jeugtuiste was. Met tyd het die omgewing verander en die verblyf is omskep in bekostigbare behuising vir ouerwordende mense. Die hele kompleks is onlangs verkoop en ‘n nuwe tuiste moes gesoek word.
Die kerk se barmhartigheid maatskappy SKDBM het toe die ou Aardal woonstelle oorgekoop vir die doeleindes om die inwoners in ŉ veiliger omgewing te hervestig. Die bestaande naam Aardal gaan nou verander word na Harmoniehof.
Ek en kollega Anine het besoek gaan aflê en was aangenaam verras met wat ons gevind het. Daar bly tans 140 inwoners en die kapasiteit is vir 180. Soos enige trekkery is daar ‘n tandekry-tydperk maar daar is ŉ klomp gevestigde sisteme in plek en daar word baie mooi na die ouerwordende persone gekyk. Etes word verskaf en daar is ook klere beskikbaar. Die woonstelle is vir selfversorgende persone met SASSA pensioene. Al die inwoners is nie NG lidmate nie, maar watter aanwins vir ons gemeente!
Ywerige entoesiastiese mense het alreeds by die gemeente aangesluit en heelwat bewyse van lidmaatskap is alreeds aangevra. Sommiges het dadelik vir werk aangemeld en wil kom saam dien. Ons gemeente gaan ook ŉ weeklikse bybelstudie op ŉ Donderdagoggend 10:30 daar begin na die vakansie.
Daar is reeds bestaande netwerke by die inwoners betrokke en ons sien uit om ook saam hande te vat. ŉ Behoefte tans is aan vervoer vir die erediens. Party inwoners het karre en ander nie. Dalk kan jy help?
Baie welkom! Ons is bly julle is hier en sien uit om saam met julle ook in die koninkryk te dien.

– Ds. Karel Albrecht

# ’n Dag van liefde by Huis Herfsblaar

Sondagoggend 27 Julie het die kinders van ons gemeente opgewonde bymekaargekom vir ’n spesiale uitreik. Hulle het besluit om liefde en vriendelikheid te gaan deel met die inwoners van Huis Herfsblaar, die plek waar ons geliefde oumense tuis is.
Met glimlagte op hul gesigte en kruise in hul hande het die kinders die saal binnegestap. Elke kruis was met sorg gemaak — ’n klein teken van geloof en hoop. Die bejaardes se oë het begin blink toe die kinders na hulle stap en elkeen met ’n warm glimlag ’n kruis oorhandig. Party het selfs trane van dankbaarheid in hul oë gehad, en die vertrek was gevul met sagte woorde, laggies en dankbare harte.
Maar dit was nie al nie. Die kinders het ook daaraan gedink om die hardwerkende personeel van Huis Herfsblaar bietjie te bederf. Met groot vreugde het hulle heerlike roomysies aan elke personeellid uitgedeel — ’n klein bederfie vir groot harte wat elke dag met liefde sorg. Die personeel het breed geglimlag en saam met die kinders die soet smake geniet.
Na die tyd het die kinders onder die koeltebome gaan sit, hul eie roomys geniet en heerlik saam gekuier. Hulle het stories gedeel, gelag en besef hoe mooi dit is om ander te dien met opregte liefde.
Dit was ’n dag vol warmte, dankbaarheid en God se teenwoordigheid — ’n herinnering dat dit in gee is wat ons die meeste ontvang.

- Renee Pottas

---

# We have a dream

“Let us not love in word or tongue, but in deed and in truth”. 1 John 3:18

On 6 December the Queenswood ‘gemeente’ and the Queenswood Christian Community (QCC) will host a Christmas meal for the 30 children of three houses of the Louis Botha Children’s Home that we have collectively adopted.
“These kids have never sat down to a Christmas meal around a table with good food and festive decorations,” says Lola Reddy who is involved in the planning and execution of this festive occasion. “Do you know that when I asked one of the house mothers whether they have a special meal to celebrate Christmas, she said ‘we eat what is in the cupboard?”
This year this is going to change, and all the stops are being pulled out to have a homely and special Christmas party with the children of ‘our’ three houses, like we usually have in our own homes for our own families.
The Reddy family has taken the task of providing the turkeys for the party and if there is some money over, gammon as well. The NG church will sponsor side dishes and desserts for our guests.
Members of our congregation were invited to take a name and, in that way, ‘adopt’ a child and prepare a gift which will be handed over during the Christmas party. The

gift will also contain a personal letter of love and encouragement to the child. Those who take names - written on a heart-shaped note which can be kept in your bible so that you don't forget – also undertake to pray for this child for one year. "These children have no one, they need family," says Lola.

---

# DIE KLERE- EN WIT OLIFANTVERKOPERS
## VAN QUEENSWOOD

Die wyse prediker maan jongmense om hul Skepper te dien terwyl hulle nog jonk is en dan noem hy al die moontlike ongelukkighede van die ouderdom – bedruktheid, bewende hande en wankelende bene, slegte tande en swak spysvertering, swak oë, gehoorverlies en verlies van selfvertroue – wat hy blykbaar meen dit moeilik sal maak om die Skepper in jou oudag te dien. Of die span van ongeveer 24 dames – en mans – wat klere en witolifante by Queenswood verkoop die raad gevolg het en hulle Skepper in hulle jeug gedien het weet mens nie maar die kwale van die ouderdom weerhou hulle nie nou daarvan om dienswerk te doen nie. Van hierdie span van 24 is die helfte 80 plussers en twee is 90 plussers. Twaalf bly in Huis Herfsblaar en die res bly in die gemeente of in ander aftree-oorde. Selfs die "jonges" in die span is reeds by aftrede verby of baie na daaraan. Bedruktheid wyk as mens douvoordag begin werk en ten spyte van hande en bene wat soms bewe, brille wat soek raak en kere wat hulle moet sê "Hoesê", stoom hierdie span voort. Hulle ry rond om skenkings te gaan haal, sorteer eindelose swart sakke klere, doen heelmaakwerk, was vuil skenkings, pak stapels bokse in en uit, dra bokse en stoot trollies, klim op lere, glimlag vir moeilike kliënte, maak toebroodjies en tee vir die span, verkoop uitreikbybels en deel traktaatjies uit, doen hoofrekene saam met kliënte, keer kleingeld uit en tel geld en kla nie dat hulle moeg is nie. Waar kom hierdie wenspan se krag en moed vandaan?
Jes 40:31 ..*maar die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.*
Waar kom hulle inspirasie vandaan? Hulle het as kinders hierdie ou Hallelujaliedjie geleer sing:

Werk, want die nag kom nader,
werk in die vroeë dag;
Werk as die dou nog glinster
in die blommeprag!
Werk in die helder môre,
al is die son ook heet;
Laat elke korte oomblik
iets vir hierna bewaar.
Werk want die nag kom nader;
Werktyd is afgemeet!

- Heleen Duffy

# Besinning oor seniorvolwassenebediening

Op 14 Desember 1990 het Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies 1 Oktober amptelik verklaar tot Internasionale Dag van Ouer Persone en Sondag 28 September was Biddag vir Seniors op ons gemeentekalender.

In 2025 het lewensverwagting wêreldwyd 73.5 jaar bereik, ʻn toename van 8.6 jaar sedert 1995. Na verwagting sal die aantal mense in die wêreld wat 80 jaar en ouer is teen die middel van die 2030s die aantal suigelinge verbysteek en daar sal dan 265 miljoen 80 plussers wees.

Die Noordelike Sinode van die NG Kerk het ʻn taakspan in die lewe geroep om oor bejaardesorg in gemeentes te besin en moontlike aksieplanne te formuleer. Die taakspan se naam was aanvanklik Taakspan Bejaardesorg, maar reeds by die eerste vergadering het die taakspan gevra dat die naam verander na die Taakspan Seniorvolwassenebediening.

"Die taakspan se vertrekpunt was dat die kerk ʻn paradigmaskuif moet maak van ʻn benadering dat bejaardes bedien moet word, na ʻn benadering waar seniorvolwassenes se gawes benut moet word om die gemeente, en nog meer, die Koninkryk te dien" volgens die verslag Seniorvolwassenebediening in Gemeentepraktyk.

Ons kyk na enkele grepe uit hierdie verslag.

Die huidige denke oor en benadering tot ouerwordende persone in ons gemeenskappe sluit in dat afgetredenes en ouerwordende mense nie primêr objekte van bediening behoort te wees nie - ouer word en aftrede is nie gelyk aan uitgedien en nutteloos nie. Die seniorvolwassenes in die geloofsgemeenskap moet gemobiliseer, toegerus, begelei en gemotiveer word om, totdat dit fisiek en kognitief onmoontlik word, steeds self te dien en te bedien.

Om ouer te word, word deur baie as ʼn krisis beleef wat groot spanning veroorsaak. Dit herinner ons dat die lewe kort is en verbygaan. Geloofsgemeenskappe het te lank gefokus op die voorbereiding vir sterwe, eerder as op begeleiding tot omvattende, betekenisvolle, hoopvolle lewe tot aan die einde daarvan.

In die verslag word ʻn hoofstuk afgestaan aan eensaamheid en die verskillende vorms wat eensaamheid vandag aanneem. Dit sluit byvoorbeeld in emigrasie-eensaamheid omdat naby-familie die land verlaat het; fantasie-eensaamheid as gevolg van ʻn verlies aan professionele arbeidstatus; asook gestremdheid eensaamheid as gevolg van afname van sintuiglike of fisiese vermoeens.

Daar word ʻn hele rits voorstelle gemaak van wat gemeentes kan doen om die vereensaming van seniorvolwassenes teen te werk. Onder meer die gebruik van tegnologie om eredienste aanlyn te stroom, vir Bybelstudiegroepe en om kontak met

familie in die buiteland te behou. Dit skep die geleentheid vir vrywilligers wat senior volwassenes touwys kan maak met tegnologie.
Samevattend skryf die taakspan dat met die groeiende persentasie seniorvolwasse lidmate dit dringend noodsaaklik word dat die kerk as geloofsgemeenskap besin oor ꞌn bedieningspatroon wat in pas is met die vernuwende denke, wêreldwyd, oor ouerwording. Navorsing benadruk hoe waardevol ꞌn leefstyl is wat gerig is op groei en die (her)ontdekking van betekenisvolheid tydens seniorvolwassenheid. Die Kerk moet dit deurgaans bly kultiveer.

– Marissa Greeff

---

# Muntlegging

Die Uitreikkomitee se baie dankie vir almal se bydraes vir die muntlegging op Sondag 24 Augustus, op Bybelsondag. Dr Anine Fischer het ’n munt- en nootlegging by die kerk gehou vir die aankoop van Bybels. Die bedrag wat ingesamel is was R5 633 en daarmee is uitreikbybels in Sepedi, Zoeloe, Setswana en Sesotho aangekoop. Bybels word onder andere by die klereverkopings verkoop.





# WAARHEID, GOEDHEID, SKOONHEID

## ’N TYDLOSE TRIO WAT DIE SIEL ROER

Die menslike hart soek altyd na iets dieper—iets wat nie vergaan nie. Drie dinge wat deur die eeue heen as die “transendentale” beskou is, is waarheid, goedheid en skoonheid. Hierdie drie is soos ligstrale wat uit God se karakter kom. Hulle wys vir ons wie Hy is, en hoe ons in harmonie met Hom en met mekaar kan leef.

**WAARHEID – God se Woord is waar**

Waarheid is nie net feite nie. Dit is die lig wat ons pad verhelder. In Psalm 119:105 staan daar:

“U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my pad.”

Jesus sê self in Johannes 14:6:

“Ek is die weg, die waarheid en die lewe.”

Om in die waarheid te wandel beteken om eerlik te wees, om reg te doen, en om te glo wat God sê—selfs al is dit nie gewild nie. Die waarheid maak ons vry (Johannes 8:32), en dit hou ons geanker in ’n wêreld vol misleiding.

**GOEDHEID – die vrug van die Gees**

Goedheid is nie net om vriendelik te wees nie. Dit is ’n aktiewe keuse om liefde te wys, selfs teenoor vyande. In Galasiërs 5:22 lees ons dat goedheid deel is van die vrug van die Gees. Dit kom nie uit ons eie krag nie, maar uit God se liefde wat in ons werk.

Jesus het goed gedoen waar Hy ook al gegaan het. In Handelinge 10:38 staan:

“...Hy het rondgegaan en goed gedoen en almal genees wat deur die duiwel oorweldig was.”

Ware goedheid is om ander te dien, om regverdig te wees, en om genade te betoon—soos God dit aan ons betoon het.

**SKOONHEID – die handwerk van God**

Skoonheid is meer as net uiterlike glans. Dit is die weerspieëling van God se orde, harmonie en majesteit. In Psalm 27:4 sê Dawid:

“...om die lieflikheid van die Here te aanskou.”

Die skepping getuig van God se skoonheid—van berge tot sterre, van ’n kind se glimlag tot ’n daad van liefde. In Prediker 3:11 lees ons:

“Hy het alles mooi gemaak op sy tyd.”

Maar die grootste skoonheid is nie in die natuur nie, maar in ’n lewe wat God eer. ’n Sagmoedige gees, ’n rein hart, en ’n lewe van liefde is vir God kosbaarder as goud.

**Slotgedagte**

Waarheid, Goedheid en Skoonheid is nie net filosofiese idees nie. Hulle is tekens van God se teenwoordigheid. Wanneer ons in waarheid wandel, goed doen, en die skoonheid van God raaksien, dan leef ons voluit—soos Hy dit vir ons bedoel het. Mag ons elke dag streef na hierdie drie, en so ’n lig wees in ’n donker wêreld.

- Hennie Heymans

# Krieket gespeel in Nederland

*1. Vertel vir ons kortliks iets oor jouself en julle gesin?*

My naam is Jürgen Jan Gottschick, ek is vernoem na my twee oupas. Ek is 16 jaar oud en ‘n gr.10 leerder by Hoërskool Oos-Moot. My pa is Heinrich, maar almal noem hom Heinz. My ma is Ragel. Ek het ‘n sussie, Gabrielle, of Gabbi, sy het in Mei 2025 getrou en nou het ek ‘n swaer ook, Zaine Warrington. My ouers woon al 18 jaar in Queenswood. My pa is ‘n bourekenaar, of ‘n “quantity surveyor” en my ma is ‘n senior Aktes Paralegal.

*2. Hoe het dit gekom dat jy in Nederland gaan krieket speel het?*

Ek is mal oor krieket. Ek kry privaat lesse by DKA. Een van my afrigters by DKA, wat ook ‘n onderwyser by my skool is, het my genooi om te gaan deelneem. Die toer word deur Blue Runnings Sport International (BRSI) aangebied wat mense van verskillende skole nooi.

*3. Hoe was dit vir jou?*

Ek is baie dankbaar dat ek so ‘n geleentheid kon kry en bywoon, dit was sover een van die beste ervarings van my jong lewe. Nederland is ‘n wonderlike land en dit was ‘n ervaring om ‘n ander kultuur te beleef.

Ons was by verskeie plekke in Nederland, soos Utrecht, Amsterdam en Den Haag. Ons het baie verskillende aktiwiteite gedoen soos om na Efteling Park te gaan en ons het in Amsterdam rondgeloop by al die winkels.

Ons het vier wedstryde gespeel teen plaaslike klubspanne, waarin ons redelik goed gevaar het. Ons het selfs ‘n wedstryd teen Nederland se nasionale 0/17-span gespeel – en hemde met hulle uitgeruil. Van die vier wedstryde het ons twee gewen en twee verloor.

Ek beplan nie om volgende jaar weer te gaan nie, maar ek hoop om in 2027 weer die BRSI Sport International toer te maak, hulle gaan in Australie toer.

*4. Wat se raad sou jy aan tieners gee wat groot droom - hoe verwesenlik mens jou drome?*

Droom groot, want jou drome is die bloudruk van wat jy eendag kan word. Elke groot prestasie het begin met iemand wat geglo het dit is moontlik – en toe die moed gehad het om die eerste klein tree te gee. Moenie bang wees vir foute of mislukkings nie, want dit bou jou sterker. Werk hard, hou vas aan jou visie en glo dat jy waarde het om die wêreld te verander of te verbeter. Jou toekoms lê nie in ander se hande nie – dit lê in jou eie keuses, vandag.

- Deur Jürgen Gottschick





# Mini-basaar van 30 Augustus 2025

Die afgelope mini-basaar was op Saterdag 30 Augustus. Op die Vrydag vooraf is daar reeds begin met die verkoop van Wit Olifante en dit het Saterdag aangegaan saam met die res van die mini-basaar produkte. Kerrie & rys verkope het gevlieg, so ook die pannekoek. QCC het 'n stalletjie gehad waar Bybels verkoop is.
Buiten vir gemeentelede, was daar baie besoekers van buite die gemeente wat ons ondersteun het.
Die wins op hierdie fondsinsameling was R24 517.







